

BLITSBEGRIP

1. Deur net na die illustrasies te kyk, waarom, dink jy, handel hierdie gedig? Motiveer jou antwoord. _____
_____ (2)
2. Watter tipe gedig is hierdie? _____ (1)
Noem drie kenmerke van so 'n gedig. _____
_____ (3)
3. Pas die regte hoeveelheid reëls by die regte naam vir die strofe. (6)

2	3	4	6	8	14	
oktaaf	kwatryn	kwintet	sestet	sonnet	koeplet	tersine
4. Onderstreep al die woorde in die gedig wat sinoniem met 'n winterseisoen is. (5)
5. Wie is die spreker in die gedig? Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling. _____ (1)
6. Weet jy wat die verskil tussen 'n metafoor en 'n vergelyking is? Skryf die vergelykings in versreëls 6 en 10 neer. _____
_____ (2)
7. Wat dink jy is die metafoor in hierdie gedig? Verduidelik so goed jy kan. _____
_____ (1)
8. Verduidelik wat die seun letterlik in die volgende versreëls doen:
versreëls 1 en 2 _____
versreël 6 _____
versreël 7 _____
versreël 10 _____
versreëls 15 en 16 _____ (5)
9. Behalwe die gewone punte, kommas en aanhalingstekens, kom daar ook twee ander leestekens voor. Vind en benoem hulle. Wat is elk se funksie? _____

_____ (4)
10. Die halfrym in “weer mooiweer en warm” word _____ genoem. (1)

TAALTYD

1. Omkring al die werkwoorde in die gedig. (Sommige herhaal.) (9)
2. Haal 'n voorbeeld van 'n skeibare werkwoord aan. _____ (1)
3. Onderstreep die woorddeel (lettergreep) wat die klem dra: (10)
woedebuie onstuimig kamerdeur verandering stormwind
verspreide kouefront mooiweer orkaan ontbyt

WOEDEBUIE

BLITSBEGRIP

1. Enige geldige antwoord en rede. Leerders behoort iets van slegte weer/winter of 'n storm te noem en die warrelwind, swart wolk, weerligstraal, hond wat oë bedek, gesigsuitdrukking as motivering te noem. (2)
2. 'n Vrye vers (1)
Kenmerke: Geen vaste rymskema, geen vaste strofepbou, en geen vaste versreëllengtes nie. (3)
3. 2 koeplet
3 tersine
4 kwatryn
6 sestet
8 oktaaf
14 sonnet (6)
4. stormwind, donderbui, kouefront, donderweer, onstuimig
("Orkaan" kom nie regtig in SA voor nie, en dit is gewoonlik 'n somersweerverskynsel. 'n "Bui" kan in die somer ook uitval. "Stormwind" sou ook in die somer kon waai.) (5)
5. Die spreker is die suster of broer van die seun wat in so 'n slegte bui is.
" ... ignoreer hy ons almal". (Dit kan nie Ma wees nie, want haar woorde word aangehaal.) (1)
6. 'n **Vergelyking** (beeldspraak) vergelyk twee goed met mekaar/ stel twee goed gelyk aan mekaar deur nes en soos te gebruik.
'n **Metafoor** (beeldspraak) vergelyk twee goed met mekaar/stel twee goed gelyk aan mekaar, maar die woorde nes en soos word nie gebruik nie.
Versreël 6: "ignoreer hy ons almal, kil soos 'n kouefront"
Versreël 10: "iets klink soos donderweer" (2)
7. Die seun en sy slegte bui is net so erg soos 'n wilde, woeste storm. Sy gedrag word aan 'n donderstorm gelykgestel. (1)
8. Versreëls 1 en 2: Hy beweeg/bars vinnig deur die vertrek, dalk sonder om enige iemand te groet en hy lyk onvriendelik en is kwaai.
Versreël 6: Hy ignoreer almal en is onbeskof; toon nie warmte en liefde en vriendelikheid nie.
Versreël 7: Hy ontplof en is woedend. Dalk gooi hy iets of klap met iets op die tafel. Hy is baie kwaai.
Versreël 10: Hy praat hard en skree. Hy klap sy deur toe.
Versreëls 15 en 16: Hy is (hopelik) in 'n beter bui, weer gaaf en daar heers vrede. (5)
9. Die aandagstreep —:
Dit beklemtoon die rede waarom almal van die skrik gewip het. Dit fokus dus op die rede wat volg na die skrik.
Die hakies ():
Dis 'n parentese of inlassin wat beklemtoon dat die spreker weet dat die donderweer eintlik net sy deur, wat hy toeklap, is. (4)
10. Alliterasie (van die w-klank) (1)

TAALTYD

1. is, los uit (uitlos), ignoreer, losbars (bars los), tref, wip, was, hoop, sê (9)

2. los uit / bars los

(1)

3. **woe**-de-bui-e
on-**stui**-mig
ka-mer-deur
ver-**an**-de-ring
storm-wind
ver-**sprei**-de
kou-e-front
mooi-weer
or-**kaan**
ont-**byt**

(10)

